REFLEKSIE
Saterdag

Vra die Here om jou te herinner aan die week se belewenisse. Reflekteer oor wat na jou toe gekom het. Vertrou jou ervaring. Kyk deur jou notas. Gaan terug na die ervaring van die week wat jou bybly, of vir jou uitstaan. Lees weer deur die oordenking en oefening. Praat met God oor jou ervaring.

1. Waar het ek God se teenwoordigheid ervaar?

2. Hoe het konneksie met myself, met ander en met die Heilige Gees verdiep hierdie week?

3. Deel jou gewaarwordinge met die Here. Jy kan dit ook deel met ‘n geestelike gespreksgenoot of op ons Facebook blad.